*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Die partypolitiek stel belang in die Ossewabrandwag net in sover hy daar weer verdeeldheid kan bewerkstellig.*

# Die O.B.

*Die Ossewabrandwag stel belang in die partypolitiek net in sover hy daar weer eenheid kan bewerkstellig.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 3 MAART 1943. No. 15.

## Dr. Colin Steyn Lewer Eerste Paaiement van sy eie Likwidasie

### Britte in Engeland egter Versigtiger

**Uit Engeland is verlede week berig dat die Britse Arbeidersparty 'n versoek van die Kommunistiese Party om te affilieer van die hand gewys het op grond daarvan ,,dat die Kommunistiese Party se TOTALE ONVERANTWOORDELIKHEID in Engelse politiek en sy algemene kyk op sake heelmal afwyk van die politieke begrippe en doelwitte van die Arbeidersparty.''**

Die Engelse, wat sekerlik beter aanspraak daarop kan maak dat die Russe vir Engeland se vryheid veg as wat dr. Colin Steyn dit ten opsigte van Suid-Afrika kan doen, weier om hul dankbaarheid te betuig by wyse van nouer samewerking tussen die twee partye. In Engeland sal 'n kommunistiese oorwinning beteken dat **blanke** kommuniste oor blanke nasionaliste regeer, terwyl 'n kommunistiese oorwinning in Suid-Afrika beteken dat **swart** kommuniste oor blankes sal regeer. **Vir Suid-Afrika is die toestand dus nog baie afgrysliker as vir Engeland, en tog gaan ons Regering uit sy pad om die Kommunistiese Party in beskerming te neem.** Dr. Colin Steyn het reeds die kommuniste as 'n amptelike party erken, en hy het optrede van die Polisie teen hulle verbied. Hy het ook onderneem om die Kommunistiese Party te beskerm teen die aanvalle en propaganda van sogenaamde Nasi-gesinde Afrikaners, want dit is glo net bedoel om die Regering te verdeel, aldus dr. Steyn se versekering onlangs aan 'n kommunistiese afvaardiging.

#### OPHANG

Ons wil hierteenoor net die uitlating plaas van een van die kommunistiese leiers enige dae gelede, sodat ons lesers self kan oordeel waarom die Arbeidersparty in Engeland praat van die ,,totale onverantwoordelikheid'' en vreemde kyk op politieke sake van die Kommunistiese Party. Adv. S. Kahn van Kaapstad het in Johannesburg hom as volg uitgelaat in 'n toespraak: **,,Vir my is daar niks afskuweliker as dat die Malans, die Pirows en die Van Rensburgs toegelaat word om van plek tot plek in die land te gaan en hul fascistiese vullis te versprei nie. Hul plekke is aan die galg, waar hulle so baie van ons werkers geplaas het.''**

Hy het verder na die bondgenootskap tussen Rusland, Engeland en Amerika verwys en gesê dat die geskiedenis **imperialiste soos Churchill, Roosevelt en Smuts saam met Rusland in die oorlog gedwing het, en hoewel die kommuniste nie aarsel om saam met hierdie imperialiste te veg nie, weet hulle dat alleen die verloop van die oorlog die luiperd se kolle kan verander EN VOEL DIE KOMMUNISTE VANDAG SKAAM — EN BAIE SKAAM OOK — VIR DIE MAKKERS MET WIE HULLE MOET SAAMVEG.**

Aan die einde van die vergadering is 'n eenparige mosie aangeneem waarin die Regering versoek word om die fasciste in die Unie sonder versuim te likwideer.

Nou kan elkeen verstaan waarom die Arbeiders in Engeland versigtig voel vir die kommunistiese bondgenoot, maar niemand sal kan verstaan waarom die Unie-regering sy beskermende hand oor hierdie opruiers hou nie wat openlik erken dat hulle met skaamte aan die sy van veldm. Smuts veg — vir die duur van die oorlog.

**Vir die duur van die oorlog eis hulle ,,likwidering'' van die ,,fasciste'' — en dr. Steyn beloof om dit uit te voer — maar aan die einde van die oorlog hoop hierdie geweldenaars om die ,,imperialiste'' met wie hulle nou uit dwang van omstandighede moet saamveg, te likwideer!**

Ons waarskuwing verlede week aan die Minister van Justisie dat nie een van die huidige kabinetslede swart genoeg is om in aanmerking te kom vir die kommunistiese swart republiek nie, is dus nou uit die mond van die kommuniste self bevestig.

## MOET VEG EN BETAAL VIR KAPITALISTE

### Middelklas-man Swaarste Getref deur Begroting

Min. J. H. Hofmeyr het verlede week sy begroting vir hierdie jaar ingedien. Hy noem dit self 'n drastiese begroting, maar beduie dat die volk nie in hierdie tyd iets beters kan verwag nie. Wanneer ons Engeland se oorlog moet help veg en sodoende rente lewer op Engeland se kapitaal wat hy in die verowering van Suid-Afrika gesteek het, kan ons volk beslis nie iets makliker verwag nie.

Die oorlog word hoofsaaklik in belang van die kapitalisme gevoer wat geskrik het vir die opkoms van die nuwe nasionale gedagte waarvolgens 'n land se rykdomme aangewend moet word om die volk van daardie land gelukkig en voorspoedig te maak. Hierdie gedagte is in regstreekse botsing met die kapitalistiese belange wat vryheid vir hul uitbuiting van die verskillende volke verlang, sodat die rykdomme en opbrengs van die land na hul eie sakke kan gaan. Daarom moes daar oorlog gevoer word sodat die nasionale gedagte vernietig kan word en die volke aan verdere kapitalistiese slawerny onderworpe kon bly.

Ons eie land word op die oomblik deur 'n kapitalistiese groep regeer, en hierdie feit is duidelik leesbaar in die jongste begroting. Die grootste las word gedra deur die gewone man met betreklik lae inkomste, terwyl die rykes met groot inkomste baie ligter daarvan afkom. Die goudmyne by voorbeeld het groot genade gevind in die oë van die Minister. **Nie alleen, dus, word die arm man en gewone burger opgeroep om die kapitalistiese belange met hul lewens te gaan beveilig nie, maar hulle moet verder ook die oorlog vir die kapitaliste finansier.**

Onder die kapitalisties-demokratiese stelsel word die swaarste laste gedra deur die arm en middelklas-man. In die Volkstaat wat die Ossewabrandwag gaan bring, sal dit juis hierdie klas van man wees aan wie die meeste voorregte gegee sal word. Die laste wat ons vandag moet dra, sal ons daarom des te vasberadener maak om hierdie mag te beveg en te oorwin.

## Vroue Vergesel Speurders om op Jeugfrontkamp te Spioeneer

### K.G. Voltooi Uitgebreide Reis deur O.V.S.

**Oor die 500 geesdriftiges het 'n vergadering van ons K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, Woensdag, 10 Feb. te Bainsvlei, ses myl buite Bloemfontein, bygewoon. Hierdie vergadering was die vyftiende binne 8 dae op 'n tiendaagse toer wat die K.G. deur Betsjoeanaland en die Vrystaat onderneem het. Tenspyte daarvan en die feit dat die K.G. dieselfde middag op Marquard opgetree het, en hom moes haas om Bloemfontein om 7.30 nm. te bereik, het hy met so 'n vurige oortuiging en warme geesdrif gepraat dat hy die gehoor opnuut met hoopvolle geloof en vertroue vervul het.**

Die leiding wat uit sy woorde gestraal het, het menige beswaarde gemoed verlig en menigeen wat nog nie ten volle ontwaak het tot die gevare wat tans ons volksbestaan bedreig nie, laat besef dat die tyd vir slaap verby is en dat daar nou gewerk, gewaak en gebid moet word.

Toe die K.G. aan die woord kom, is hy langdurig toegejuig deur die gehoor en is hulde aan hom gebring. Hy het begin deur te verwys na die onsmaaklike optrede van Die Volksblad in verband met die bankroofsaak waarin hoofkomdt. Frits Anderson betrokke was. Hoofkomdt. Anderson was aangekla van medepligtigheid, maar is deur die Vrystaatse hooggeregshof onskuldig bevind. Hy is egter beboet met £25 vir twee pistole sonder lisensie wat in sy besit was. Die ,,Friend'', Empireblad wat ons nie goedgesind is nie, het die K.G. verklaar, het die ordentlikheid gehad om die saak te rapporteer onder die opskrif in vet letters van ,,Anderson not guilty of bank theft''. Die Volksblad egter, het tevoorskyn gekom met die misleidende opskrif ,,Anderson met £25 beboet''. Die K.G. het sterk sy verontwaardiging vir hierdie soort joernalistiek betuig en gesê dat hy van sulke koerante niks wil hê nie. Hoewel hy Die Volksblad se verteenwoordiger wat teenwoordig was versoek het om die vergadering nie te rapporteer nie, het daar die volgende dag 'n byna netso onsmaaklike en misleidende verslag in die blad verskyn, waarin onder meer gemeld is dat daar 238 persone by die vergadering teenwoordig was, 'n getal wat meer as die helfte minder as die werklike gehoor is.

#### SPEURDERS

Voorts het die K.G. verwys na die optrede van drie speurders, Visser, Van den Berg en Kock, in verband met die saak waarin 22 offisiere van die Jeugfront betrokke was. Toe hy hoof was van die Departement van Justisie, het spreker taamlik goed bekend geraak met ons polisie. Ons kan trots en dankbaar wees op ons polisie en speurdiens. Teen hulle wil die K.G. niks sê nie. **Hy het egter te doen met die politieke vertakking van die speurdiens wat hulle toelê daarop om die noodregulasies gehandhaaf te sien.**

**Hierdie drie menere het die seuns bespied vir drie dae lank. Terwyl die seuns besig was met hulle kampaangeleenthede wat bestaan het uit godsdiensoefening, lesings, swem, boks en so meer, was die drie spioene ook aan die uitkamp — egter bygestaan deur drie dames almal in baaikostuums.** Spr. het die hoop uitgespreek dat die dissipline in hul kamp net so goed was as dié in die Jeugfrontkamp.

Op die blote woord van mense soos hierdie, word van ons mans gevang, het spreker voortgegaan, geïnterneer, in tronke gestop, byna met hulle lewens bedreig. Sulke manne het die reg om huise te deursnuffel en die privaatkaste van ons moeders, vroue en dogters deur te soek. **In die verlede toe ons gevra het of dames dan nie deur die speurders aangesê kan word om dames se eiendomme te deursnuffel nie, was die antwoord steeds dat daar nie dames in die speurdiens werksaam was nie. Na hierdie openbaring in die**

(Vervolg op bls. 2, kol. 3)

## VERGADERINGS VAN A.K.G. IN O.V.S. EN KAAPLAND

**Genl. J. A. Smith, Assist.-Komdt.-generaal, spreek O.B.-vergaderings in die Vrystaat en Kaapland op die volgende plekke toe:**

**VRYSTAAT:**

**Clocolan, 13 Maart, 10.30 vm.**
**Excelsior, 13 Maart, 8 nm.**
**Ventersburg, 15 Maart, 10.30 vm.**
**Brandfort, 15 Maart, 8 nm.**

**KAAPLAND:**

**Richmond, 16 Maart.**
**Murraysburg, 17 Maart.**
**Aberdeen, 18 Maart.**
**Jansenville, 19 Maart.**
**Steytlerville, 20 Maart.**
**Oudtshoorn, 22 Maart.**
**Die tyd van die vergaderings sal plaaslik bepaal word.**



*HET U AL BESTEL?*

*Indien nie,*

*doen dit tog dadelik!*

*MÔRE MAG TE LAAT WEES*

**GENERAAL**

**J. B. M. HERTZOG**

***'n Lewensgeskiedenis***

deur

**C. M. van den HEEVER**

★

Verskyn Eersdaags

★

**Die boek beslaan ongeveer 900 bladsye met seldsame fotos op kunspapier. U sien hom as seun, as student, as regter, as politikus, as leier, as Eerste Minister, as mens — en dan as banneling in sy eie land!**

**HIER IS 'N BOEK WAT ELKEEN MOET BESIT**

**Prys £1-2-6**

EN POSGELD 1/6

**Weens die oorlogsomstandighede kan ALLEEN kontant-bestellings in aanmerking geneem word. Gereed teen die helfte van 1943 MAAR bestel nou.**

**DIE OPLAAG IS BEPERK**

**AFRIKAANSE PERS BEPERK**

**Posbus 845, Johannesburg.**

## VROUE VERGESEL SPEURDERS OM TE SPIOENEER

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

**hof egter, het ons die reg om te weier om toe te laat dat mans die vroue se persoonlike besittings deursoek, want nou gaan vroue mos saam met die speurders op diens!**

BEREID VIR TRONKSTRAF

Die K.G. het verklaar dat hy op hierdie huidige toer oral in Betsjoeanaland en in die Vrystaat van die 22 seuns raakgeloop het wat beboet is met £25 of twee maande tronkstraf. Sonder uitsondering het die seuns aanvaar om tronk-toe te gaan. **Die enigste onder hulle wat terneergedruk is, is die seun wie se boete sonder sy medewete en teen sy sin betaal is.** Die seuns beskou hierdie offer nie in die lig van 'n heldedaad nie. Hulle is mans en kan doen wat 'n tere meisie vingeralleen gedoen het; sy het alleen gestaan, alleen tronk-toe gegaan; hulle is 22 bymekaar. **In Bloemfontein is Elsabe Nel se voorbeeld 22 maal verveelvoudig.**

Die K.G. het ook die O.B. se houding in verband met die moontlike eleksie uiteengesit en daarna 'n ernstige waarskuwing gedoen oor die kommunistiese gevaar wat ons land bedreig. Spreker het ook sy amptelike verklaring in verband hiermee aan die gehoor voorgelees.

Voorts het die K.G. 'n woord van opwekking en bemoediging tot die gehoor gerig wat 'n diepe indruk op elkeen gemaak het. Ten slotte het hy namens almal teenwoordig afskeid geneem van hoofkomdt. Anderson wat ook op die vergadering teenwoordig was, tenspyte van die feit dat die speurders op sy spoor was om hom te arresteer met die oog op internering. Die K.G. het verklaar dat hoofkomdt. Anderson na dieselfde goeie geselskap gaan as die wat hy nou verlaat, naamlik O.B.-geselskap en baie beter as die geselskap in die kabinet. Hy word geïnterneer omdat hy onskuldig bevind is deur 'n regter en 'n jurie. Sy vrou het ons respekvolle simpatie. Hy het ons agting. Hy verskyn as 'n man en offisier op die verhoog — die speurders kan hom daar kom haal. Daarna het die gehoor hulde gebring aan hoofkomdt. Anderson. Die volgende oggend is hy dan ook in hegtenis geneem en tans vertoef hy te Koffiefontein. Die K.G. is verwelkom deur genl. A. F. Schmidt en aan die woord gestel deur A.K.G. Japie van der Merwe wat die gehoor gevra het om vir ons K.G. te bid, want sy leiding is in hierdie dae baie nodig.

Ds. Piet Boshoff het die verrigtinge geopen met 'n kragtige gebed en ten slotte is die K.G. bedank deur hoofkomdt. Nel. 'n Vyftigtal Jeugfronters het 'n erewag gevorm — dogters almal geklee in Voortrekkerdrag en seuns in wit hemde en grys broeke. Hoofkomdt. D. F. van Tonder het die vergadering gelei.

Die volgende dag is sy toer beëindig met drie vergaderings op Rouxville, Dewetsdorp en Edenburg. Dus 18 vergaderings in tien dae met 'n Sondag tussenin. Oral was die geesdrif opmerklik. Die opkoms op die verskillende plekke is as volg:

Bultfontein 300, Wesselsbron 400, Koppies 500, Lindley 150, Bethlehem 1,000, Marquard 150, Bloemfontein 500, Dewetsdorp 110, Rouxville 400, Edenburg 400.

Op Koppies is die K.G. o.a. verwelkom deur vyftig jeugfronters op fietse met Vierkleurvlaggies en 'n perdekommando van dieselfde grootte.—(Vrystaatse Kor.)

## K.G. SE VERGADERINGS IN BOLAND

Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, sal op 18 en 19 Maart vergaderings toespreek op Stellenbosch en in Kaapstad onderskeidelik. Nadere besonderhede daaromtrent sal later bekend gemaak word.

## WERKERS IN OUDTSHOORN STEL VOORBEELD

'n Groepie hande-arbeiders in Oudtshoorn het 'n kring gestig onder die naam van die Veldskoen-kring vir gereelde bydrae tot die Noodhulpfonds. Hulle dra weekliks elkeen 'n sjieling of meer by, sodat die veertien van hulle die eerste week reeds ongeveer 15/- in die Fonds gestort het. Elke week sal hierdie bedrag dus van hulle ontvang word. Hulle het egter belowe om die kring steeds uit te brei sodat die bedrag miskien heelwat groter sal word.

Hierdie klompie arbeiders stel 'n voorbeeld wat vir baie welgestelde Afrikaners stof tot nadenke is. 'n Gereelde bydrae weekliks of maandeliks word nie swaar gevoel nie, en tog is dit hierdie aanhoudende stroom wat die fonds op vaste grondslag stel.

116 Takke 44,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000

**Hoofkantoor:**

**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**

**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

**Schoemanello-Drank . . . . .**

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As 6 van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 2/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | .5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIQEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:— K.M.B, plus treingeld na sylyne, K.B.A, plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

**Bestel van**

**JURGENS SCHOEMAN**

**Posbus 142. Oudtshoorn.**

VAN VROEG TOT LAAT — ALTYD — Patriot TABAK — U BESTE MAAT — OP SY POS

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

Die O.B., Woensdag, 3 Maart 1943.

# Ons Wese Eis Dit

In ons uitgawè van verlede week het daar 'n verklaring van die Kommandant-generaal verskyn waarin hy die gerug ontken as sou die Ossewabrandwag hom aan een of ander party gekoppel het in verband met 'n moontlike algemene verkiesing. Die Kommandant-generaal het uitdruklik verklaar dat enige herhaling selfs in gewysigde vorm van so 'n gerug van alle grond ontbloot **en in stryd met die gees van die Ossewabrandwag is.**

Vir elkeen wat die ontwikkeling van die Ossewabrandwag gevolg het, sal dit duidelik wees dat ons hier nie met 'n willekeurige besluit te doen het nie, maar met 'n beleid wat spruit uit die wese en doel van die Volksbeweging self, en die Ossewabrandwag sal ontrou teenoor homself wees indien hy anders sou besluit. Die Ossewabrandwag se eerste doelstelling toe hy in 1938 tydens die Ossewatrek tot stand gekom het, was **samesnoering van alle Afrikaners op 'n vryheidsgrondslag.** Die Eeufees het die diep gespoelde slote van partyverdeeldheid bedek met die kleed van ons gemeenskaplike Afrikanerverlede. **Ons het toe besef dat ons nie Smelters en Natte is nie, maar almal volksgenote met een verlede en een toekoms. Hierdie besef wou die Ossewabrandwag handhaaf en uitbrei sodat ons volk op alle terreine weer een kon word.**

Uit die aard van die saak is dit duidelik dat die vernaamste voorwaarde vir so 'n volkseenheid **die verdwyning van die partypolitiek moes wees.** Die Partypolitiek was juis verantwoordelik vir die verbittering en verdeeldheid **en dit was slegs toe die partypolitiek vir 'n paar maande begrawe was en ons mekaar net as Afrikaners geken het, dat die eenheidsgevoel weer gegroei het** totdat dit later ook selfs op partypolitieke terrein kenbaar geword het, soos blyk uit die pogings tot hereniging na die uitbreek van die oorlog.

**Wortel van die Kwaad.**

Dit was dus die eerste taak van die Ossewabrandwag om die Afrikanerdom se grootste vyand, nl. die partypolitiek, te vernietig **sodat die ou vore van verdeeldheid vir altyd toegegooi kon word.** Die hele volk was ryp daarvoor, en dit was eers 'n paar jaar later toe die partypolitiekbewuste voormanne in die Volksbeweging 'n gevaar vir hul eie posisies gesien het, dat die Ossewabrandwag in sy ontwikkeling gedwarsboom is.

Van die vernaamste besware teen die Ossewabrandwag was toe dat hy die „Afrikanerdom se Party" ondermyn met sy propaganda teen die partypolitiek as sodanig. Omdat enige party — en dus ook die „Afrikanerdom se Party" —'n **uitgroeisel** van die partypolitiek is wat slote grawe tussen Afrikaner en Afrikaner en jou volkseenheid sodoende versnipper, **het die leiers van hierdie party besef dat verwydering van die kanker van verdeeldheid — die partypolitiek — ook verwydering van die uitgroeisel van daardie kanker, en dus hul eie party, veronderstel.** In plaas van dat alle Afrikaners geleidelik opgegaan het in die nuwe organisasievorm op eenheidsgrondslag, waardeur die partye 'n natuurlike dood sou sterf, was sekere voormanne bekommerd oor die ondergang van die party waarop hulle totsover in die politieke lewe gery het. Hulle wou toe die party as 'n wakis voor op die wa van die volksbeweging plaas waarop hulle kon sit. **Dit het beteken dat die Ossewabrandwag die kanker van verdeeldheid aan die volksboesem moes koester, want dan sou hy nie meer propaganda kon maak teen die partypolitiek wat volks-erosie veroorsaak nie,** want doen hy dit, word dit deur die sitters op die „wakis" beskou as skote van agter op die wakis gevuur.

**Grootste Vyand.**

Die grootste vyand van die Ossewabrandwag was die volksverdelende partypolitiek **en juis vir die vernietiging van hierdie euwel is die Ossewabrandwag in die lewe geroep. Om die par-**

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van voorgaande kol.)

**typolitiek dus in 'n wakis saam met hom te dra en te beskerm, sou verloëning van sy eie bestaan en roeping gewees het. Daarom kon die Ossewabrandwag geen ander antwoord gee op die ultimatum van die „wakis" as wat hy in Augustus 1941 gegee het nie. Die kiem van volksverdeeldheid, die partypolitiek, kan tog immers nie gemeng word met die geneesmiddel, die volksbeweging, nie! Geen dokter sal immers sy medisyne gaan meng met die siektebakterie wat hy wil bestry nie!**

Dit was dus nie uit kwaadwilligheid teen sekere **persone** dat die Ossewabrandwag geweier het om die aksiefront van die Party te word nie, **maar dit was 'n houding wat hy kragtens sy hele wese en strewe moes inneem.** Die Ossewabrandwag dink aan die volk in sy geheel, en nie net aan die splinters binne die sak van een of ander politieke houtkapper nie. Dit was in hierdie gees van ware volkseenheid dat dr. Van Rensburg op Elsburg sy beroemde verklaring gedoen het waarin hy geweier het om binne die Ossewabrandwag onderskeid te maak tussen Afrikaner en Afrikaner solank almal hul vyand in die Britse Empire sien. En hierdie eenheidsverklaring was die voorgewende oorsaak vir die aanslag op die Ossewabrandwag en vir die huidige kunsmatige verdeeldheid in die geledere van die republikeinse Afrikanerdom.

**Geen Onderskeid.**

Wanneer dr. Van Rensburg dus vandag opnuut verklaar dat enige koppeling aan 'n partikuliere party in stryd is met die gees van die Ossewabrandwag, en dat ons weier om die instrument te wees van een of ander partyleiding teen mede-republikeine, doen hy dit in ooreenstemming met sy eerste geskiedkundige verklaring op Elsburg waarmee hy die gees van die Volksbeweging vertolk het.

Die Ossewabrandwag maak geen onderskeid tussen republikeinse Afrikaners nie, of hulle nou al in watter party of ook in die leër is nie; vir hom is hulle almal wapenbroers. **Hy beywer hom om die draak van partypolitiek, daardie erosie-monster wat ons volksiel verspoel, te vernietig.** En in hierdie gees is hy bereid om elke poging tot ware volkseenheid te steun. Waar hy sy invloed kan gebruik om die republikeinse groepe nader aan mekaar te bring, daar sal hy dit doen, en indien 'n verkiesing die middel mag wees om so 'n volksfront te bewerkstellig, is die Ossewabrandwag bereid om dit te baat te neem ongeag wat die kanse op 'n oorwinning mag wees. **Maar dan stel hy sy onverbiddelike eis in ooreenstemming met sy gees en roeping: uitsluiting van alle selfsugtige groepbelange deur die stelling van kandidate wat die volk moet dien en nie net die een of ander afsonderlike party nie. Sulke kandidate hoef nie lid te wees van die Ossewabrandwag nie, solank hulle net nie in mede-republikeine hul vyand sien nie.**

So min as wat ons 'n jota afgewyk het van die Elsburgse standpunt, so min sal ons afwyk van hierdie vanselfsprekende eis, want nie ons stel daardie eis nie; die gees van die Ossewabrandwag wat soek na volkome volkseenheid en vernietiging van partyverdeeldheid, eis dit.

# Brokkies Uit Die Buiteland

## BRITSE DILEMMA

In ons laaste artikel is daarop gewys dat Brittanje geografies tot Europa behoort. Aan hierdie welbekende feit kan niks verander nie. Dit is die feit wat Brittanje se verhoudings tot die Europese vasteland bepaal. So was dit in die verlede en so is dit vandag nog. Die huidige stryd tussen die Spilmoondhede en die Bolsjewistiese Rusland is dan ook van ingrypende betekenis vir die toekomstige verhoudings tussen Brittanje en die Europese vasteland. Slaag die Bolsjewiste daarin om 'n beslissende oorwinning te behaal, sal nie alleen die geliefkoosde Britse beleid van magsewewig op die Europese vasteland fundamenteel verydel wees nie maar die Bolsjewistiese ideologie sal in Brittanje self 'n omwenteling van die radikaalste soort tot gevolg hê. Vir hierdie omwenteling sal die Kommunistiese vyfdekolonne in Brittanje self, gesterk deur Moskou, sowel as die na-oorlogse algemene ontwrigting en die agterlike Britse sosiale toestande sorg. In die geval van 'n Spil-oorwinning sal die Britse magsposisie op die Europese vasteland ook vernietig wees maar 'n inwendige omwenteling in Brittanje self sal dan waarskynlik minder radikaal wees. Wat die oorlog in Europa betref, staan Brittanje vandag voor 'n uiters moeilike dilemma.

### GEVARE VIR DIE EMPIRE

Brittanje is egter nie alleen 'n geografiese brokkie van Europa en onderhewig aan die lotgevalle van Europa nie, maar hy is die hart, die metropolis, van 'n wêreldryk. Dit is hierdie wêreldryk wat aan Brittanje sy internasionale betekenis verleen het. Wat is die huidige posisie van hierdie Britse wêreldryk en wat is sy toekoms?

Wat die huidige posisie van die Britse wêreldryk betref, kan alleen 'n onverbeterlike optimis dit as rooskleurig beskou. Die feite is dat uiters waardevolle dele van hierdie ryk deur die Asiatiese vyand verower is. Japan het met verbluffende snelheid en gemak Hongkong, Singapoer, Birma, ens. op Brittanje en die Oosasiatiese besittinge van Amerika en Holland verower. Dit is ook Japan wat vandag Indië en Australië bedreig.

Japan is egter nie die enigste gevaar vir die Britse wêreldryk nie. Dit is moontlik dat die Britse bondgenoot, Amerika, 'n groter gevaar vir die voortbestaan van die Ryk kan wees. Vooraanstaande Amerikaners het reeds meermale verklaar dat die Verenigde State nie vir die behoud van die Britse Ryk veg nie. Andere het so ver gegaan om aan te dring op die inlywing van belangrike dele van die Ryk. Dit kan miskien moontlik wees om dergelike Amerikaanse gebare as voortvarende en onverantwoordelike geklets te bestempel. Niemand sal egter kan ontken dat Amerika vandag die „senior partner" in die Angelsaksiese vennootskap is nie. Hiervan is nie alleen Amerika maar selfs Brittanje bewus. Alle weë gaan vandag na Washington en nie meer, soos vroeër, na Londen nie. Dit is vandag Amerikaanse soldate wat in byna alle dele van die Ryk aangetref word en dit is dikwels Amerikaanse generaals met niks of weinig oorlogservaring wat bevel oor beproefde Britse generaals en soldate die bevel voer. Amerikaanse land- en seestrydmagte sit vandag op belangrike Britse steunpunte. Daar mag aangevoer word dat dit alles maar tydelike oorlogsmaatreëls is. Dit mag so wees. **Die geskiedenis egter lewer voorbeelde soos die Kaap die Goeie Hoop en Gibraltar wat aanvanklik tydelik beset is maar wat later permanente besittings geword het.**

Die grootste gevaar wat Amerika egter vir Brittanje en die Ryk bied, is sy ekonomiese indringing in gebiede waar die Engelse fabrikant vroeër hoofseggenskap gevoer het. Voorts het Amerika onder die Huur-Leen-Hulp in besit gekom van die belangrikste buitelandse bates van Brittanje. Hierdie bates, sowel as die handelskeepvaart, was in die verlede altyd die vernaamste bronne van die onsigbare inkomstes van Brittanje. Vandag is ook die handelskeepvaart besig om in Amerikaanse hande oor te gaan. Deur verdonkering, gebrek aan grondstowwe en lugbombardemente kan Brittanje vandag nie met die Amerikaanse skeepsbou ernstig meeding nie. Die opdroog van hierdie bronne van onsigbare inkomstes, 'n vername oorsaak van Brittanje se welvaart in die verlede, sowel as die verlies van waardevolle markte, kan vir die ekonomiese samehorigheid en bestaan van die Ryk noodlottig wees. Die oorlog het aan verskillende lande, ook lande van die Empire, geleer hoe noodsaaklik dit is om eie inheemse nywerhede te ontwikkel. Wat die Britse fabrikant dus nie aan Amerika verloor nie sal hy aan inheemse nywerhede moet prys gee.

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van voorgaande kol.)

Daarby kom nog die ontsaglike oorlogskulde.

Wat die uitslag van die huidige oorlog dus ook al mag wees, alleen die wensdenker sal kan beweer dat die toekoms van Brittanje en die Empire as sodanig rooskleurig is.

# WEES PRAKTIES

„Dit beteken dat ons bymekaar moet staan. Lippe-eenheid help nie. Daar moet dade wees. Ons het die kans om ons kragte saam te snoer en iets te doen. Ons moet prakties wees. Ons is aan die minderheid, maar die minderheid kan aan die bewind kom as ons nasionaalvoelendes eensgesind optree," het adv. C. R. Swart, Vrystaatse leier van die H.N.P. verlede week in Kaapstad gesê.

Behalwe dat ons nie die spreker se optimisme in die laaste reël kan deel nie — want selfs al sou ons by 'n stembus die oorwinning behaal, beteken dit nog nie dat ons aan bewind kom nie— wil ons elke woord onderstreep. **Maar dan wil ons aan die hand doen dat hierdie partyleiding werklik uitleef wat hulle verkondig. Laat daar dade wees en laat hulle prakties wees. Die Ossewabrandwag het met 'n aanbod tot samewerking gekom, en daarop is geen antwoord van hul kant ontvang nie.** Die enigste antwoord was 'n eis van die hoofleier van die Party dat aspirantkandidate 'n verklaring moet doen **dat hulle die Ossewabrandwag nie goedgesind is nie,** anders sal hulle nie vir die Party mag staan nie. Dit is **onprakties** en in sover dit 'n daad is, is dit 'n **afbrekende** daad. Laat die Partyleiding hierdie eis van hom terugtrek en laat hy dit moontlik maak vir 'n selfrespekterende man om vir hul kandidaat te stem, en daar sal nie meer „lippe-taal" oor praktiese dade en eenheid hoef te wees nie.


VOLKSKAS

GEE: 4% Rente op Vaste Deposito's vir twee jaar.

3½% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.

3% Rente op Beleggingssertifikate — opvorderbaar met 3 maande kennisgewing.

2% Rente op Spaarrekeninge.

Volkskas (Koöp.) Bpk.

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat, PRETORIA.

ARBEIDSAAMHEID

Die Volk se Bank.



Boerende Boere AANDAG !

Stuur u VEE en PRODUKTE aan

VOLKSKOPER MARK BEPERK

Newtown, Môremark, JOHANNESBURG.

Foon 34-1442.

Wolhuterstraat 62.

Onmiddellike Afrekening

*Skryf om besonderhede.*

STERKTE!


Ondersteun Ons Adverteerders

# Ossewabrandwag kan sy Geswore Vyand nie van Wapens Voorsien

## Treffende Bewys van Kwaadwilligheid

**'n Reeks openbare vergaderings is onlangs aan die Rand aangekondig waarop verskillende onderwerpe in verband met die nuwe nasionale gedagte behandel sou word. Die sprekers is bekende Afrikaners soos dr. P. J. Meyer, tot onlangs sekretaris van die F.A.K. en die Reddingsdaadbond, en 'n paar professore. Die doel was om algemene voorligting in verband met die onderwerpe te verskaf. Hoewel hierdie persone sterk ondersteuners van die Ossewabrandwag is, is die vergaderings nie onder beskerming van die Ossewabrandwag as sodanig gehou nie.**

Na aanleiding van 'n brief aan hom gerig, skryf Die Transvaler, H.N.P.-mondstuk in daardie Provinsie, as volg in verband met die vergaderings (12 Feb.):

,,Die verband met die O.B. word verswyg om 'n breeër publiek te trek as die organisasie na sy ineenstorting (!) kan bereik. Buite die soort sprekers en die onderwerp, openbaar die verband dit en dit moet dus aangesien word as 'n poging tot 'n soort veldtog om die aandag af te trek van die stryd, o.a. met die verkiesing, van die H.N.P. teen die Smuts-regering. **Daarom het ook geen aspirant-kandidaat van die H.N.P. die reg om sy gehore aan te moedig om na sulke vergaderings te gaan nie soos, ons te verstaan gegee is, gebeur het. Hy sou 'n bedekte O.B.-propaganda steun en hom blootstel aan ontheffing van kandidatuur weens bewys van twyfelagtige trou.''**

Die blad het dit goed gedink om sy waarskuwing die volgende dag te herhaal.

Ons wil twee dinge in verband met hierdie stuk aanstip. In die eerste plaas openbaar dit 'n ernstige vrees vir die Ossewabrandwag se saak. So sterk is die Ossewabrandwag se standpunt en so swak die H.N.P. s'n daarteenoor dat aanhangers van laasgenoemde met strafbepalings van die vergaderings weggehou moet word. **Dit is 'n openlike erkenning dat Afrikaners alleen van die ,,ineengestorte'' Ossewabrandwag vervreemd kan word solank hulle in volstrekte onkunde gehou word omtrent sy standpunt en beleid.**

In die tweede plaas is dit 'n openbaring van die H.N.P.-leiding se bittere vyandiggesindheid teenoor die Ossewabrandwag **op wie se steun hulle hul in 'n verkiesing beroep.** Die Ossewabrandwag moet sy onvoorwaardelike steun aan hierdie party se kandidate verleen, **maar as een van daardie kandidate net sy gehoor se aandag bepaal op 'n vergadering wat deur 'n Ossewabrandwaggesinde spreker gehou word, is dit genoeg rede om hom van sy kandidatuur te onthef!** Daar bestaan geen sodanige strafbepaling ten opsigte van die Empire-party nie en selfs nie die Kommunistiese party nie. Elke H.N.P.-lid is vry om na 'n Sap-vergadering te gaan, maar as hy na 'n O.B.-vergadering gaan, mag hy nie meer as kandidaat vir die Party staan nie.

Dr. Malan het reeds 'n verklaring uitgereik waarin hy eis dat elke aspirant-kandidaat van sy party 'n dokument moet onderteken waarin hy beloof **om alle verband met die Ossewabrandwag te verbreek. Hy moet dus 'n geswore vyand van die Ossewabrandwag wees.** Volgens Die Transvaler is aanmoediging om 'n openbare vergadering wat O.B.-agtig is, by te woon, genoegsame bewys van ,,twyfelagtige trou'' om 'n persoon van sy kandidatuur te onthef. **Dit is dus duidelik dat hierdie partyleiers van plan is om met die aanstaande verkiesing hoofsaaklik teen die Ossewabrandwag te veg. Dr. Malan wil hê dat sy ondersteuners in die parlement honderdpersent teen die Ossewabrandwag gekant moet wees. Hoe hulle gesindheid teenoor die Empire-party is, maak blykbaar geen saak nie, want hulle hoef nie 'n verklaring te onderteken dat hulle alle betrekkinge met die Empire-party verbreek het nie.**

Waar die H.N.P.-leiding die Ossewabrandwag dus oproep om steun te verleen aan sy kandidate, **roep hy die Ossewabrandwag op om sy geswore vyand te bewapen.** Dit kom op dieselfde neer as wanneer Churchill die Duitse volk sou oproep om die Britse leërs wat teen Duitsland optrek, van wapens en ammunisie te voorsien. Niemand sal dit van die Duitse volk verwag nie, maar daar is Afrikaners wat soiets van die Ossewabrandwag verwag!

Daar kan dus geen sprake van samewerking met die H.N.P. wees **solank genoemde party dit as vereiste stel dat sy kandidate die Ossewabrandwag vyandiggesind moet wees nie. Daar kan nie van die Ossewabrandwag verwag word dat hy sy eie galg moet bou nie.**

## DANK UIT KAMP

Genl. C. L. de Jager, A.K.G. van die Vrystaat wat geïnterneer is, wil die volgende persone en kommando's wat lekkernye aan die geïnterneerdes in Koffiefontein gestuur het, hartlik dank daarvoor: J. J. Immelman, J. C. du Plooy (Lindley), H. Viljoen (Lindley), Vroue-kommando Harrismith, Vroue-kommando Hoopstad, Vroue-kommando Fouriesburg.

## GETALLE EN KRUISIES

Vir die blaaie wat so graag skimp op die aantal mense wat Ossewabrandwagvergaderings bywoon in vergelyking met vroeër dae — hoewel hulle steeds verswyg om getalle te noem van hul eie vergaderings — is 'n vergelyking van syfers op byeenkomste nie juis baie gunstig nie. Dit is reeds bekend hoe dr. Van Rensburg verlede jaar in September 10,000 op 'n vergadering in Pretoria toegespreek het waar dr. Malan 'n week voor dit slegs 3,000 getrek het waaronder 1,100 kongres-afgevaardigdes.

Maar ook op die platteland kan die Ossewabrandwag dit waag om getalle te monster. So het die Kommandant-generaal onlangs 300 mense op die pas aangelegde dorpie, Groblersdal, in die Bosveld toegespreek. 'n Paar dae later het die H.N.P.-kandidaat, mnr. F. McDonald, net twaalf mense gehad om daar toe te spreek. Op Middelburg het dieselfde persoon 'n vergadering van 22 belangstellendes wysgemaak dat die Tweede Vryheidsoorlog gegaan het oor die trek van kruisies! Vroue en kinders het hul lewe in konsentrasiekampe gegee terwille van kruisies, aldus die spreker. Dit het die geagte spreker blykbaar ontgaan dat dit die Engelse was wat terwille van kruisies-maak gesterf het, en nie die Boere nie, want dit was die Uitlanders wat graag wou stem.—(Meegedeel.)


STABILIS ? Ja, laat

STABILIS AGENTSKAPPE EN BELEGGINGSMPY.

U help in verband met:—

- KOOP EN VERKOOP van Plase, Besighede, Vaste Eiendomme in Stad en Dorp.
- GELDBELEGGINGS: Op verbande, of in aandele in die handel en nywerheid, teen hoogste koerse.
- LENINGS: Op Plaas- en Stads- of Dorps-eiendomme: Private lenings ens. teen laagste rente. Ook Verbandlenings.
- INKOMSTEBELASTINGSTATE word opgestel deur 'n deskundige op die staf.
- ALLE KLASSE VERSEKERING word onderneem.
- AS HANDELSADVISEURS kan ons u inlig insake stigting, oorname en aankoop van besighede, voorraadprobleme ens.
- AFSLAERSWERK: Ons onderneem verkoop van vaste eiendomme, huisraad en gereedskap ens. per publieke veiling.
- ONS IS AGENTE vir die Helpmekaar Kollege. Doen u inskrywings hier.


*U Eie Afrikanerbesigheid!! — Ondersteun dit!!*

POSBUS: 1527. FOON: 3-0764.

BURGSTRAAT 53 KAAPSTAD



ONS MENSE....



in die goeie ou dae toe die lewe nog so maklik gegaan het, soos dit nou vir ons lyk. 'n Prent van 'n gelukkige, versorgde huisgesin!

Vandag se portret en modes lyk anders. Ook die lewenswyse het totaal verander. Maar één ding bly nog dieselfde—die behoefte aan versorging vir die gesin. En in vandag se haastige, drukke lewe is 'n veilige middel steeds

*'n Sanlam-polis*

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.

— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —


HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28. KAAPSTAD




VAN ZYL, BOSMAN EN VAN ZYL

(EDMS.) BPK.

Kerksaal-Gebou ∴ Voortrekkerweg



MAITLAND



*Boere!!*

*Eindelik die oplossing om stabiele pryse te kry:*

Stuur u vee aan ons—die firma wat alleen per graad en gewig daeliks bemark

*Skryf vir besonderhede en permitte.*

*Posbus 22. Foon 5-2370. Telegramme: GEWIG.*

MAITLAND.



VAN ZYLS

HOOFSTRAAT PAARL

MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS

*Besoek ons Snyersafdeling*

VERSKEIDENHEID

BAAIBROEKE, SOMERPAKKE EN MANSUITRUSTING

GROOT VERSKEIDENHEID RAKETTE IN VOORRAAD

HERSNARING VAN RAKETTE £1-12-6 — BESTE SNARE

SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS.

OOK OP — — — PORTERVILLE

# KLEURLINGSOLDATE SE OPROERIGE GEDRAG

Die Minister van Justisie het verlede week in die parlement gesê dat daar op 6 Februarie onluste in die kampong van die kleurlingkorps uitgebreek het. 'n Blanke offisier is ook aangerand. Hy skryf die moeilikheid toe aan die ongedissiplineerde optrede van 'n deel van die Kaapse Korps.

Daar is ook berig van die oproerige gedrag van kleurlingsoldate op Oudtshoorn as gevolg waarvan verskeie blankes onder klippe gesteek en ernstig beseer is. Verder word uit Worcester berig van 'n kleurlingsoldaat wat deur die magistraat tot een maand tronkstraf of £3 boete veroordeel is omdat hy 'n blanke boer, mnr. Du Toit de Wet, in die straat uitgeskel het.

# SAP-BLAD SE MENING OOR PARLEMENTSLEDE

## Daal tot Ongelooflike Peil Terwille van £700

'n Tydjie gelede het ons aangetoon hoe die partystelsel teweeggebring het dat ons vandag oor die algemeen 'n gewetenlose fortuinsoeker as parlementslid het. 'n Paar dae ná hierdie artikel geskryf is, het die Sap-blad, Die Suiderstem, onbewus dieselfde feit beklemtoon, hoewel na aanleiding van heeltemal iets anders. Die blad handel oor 'n voorstel dat parlementslede se salaris verhoog moet word, en skryf:

„Ons weet vandag al duidelik dat die verhoging van die parlementêre salaris van £400 tot £700 beslis nie die gemiddelde standaard van parlementêre brein verhoog het nie. **Inteendeel is die huidige salaris groot genoeg om suiwere politieke avonturiers in alle partye aan te lok. Ons weet ook tot watter peil sommige van hierdie mense by party-benoemings en verkiesings kan daal teneinde daardie £700 en die status van die Parlementslid te haal.** Gaan nou heen en verhoog die aanloklike salaris tot £1,600 per jaar, en daar sal weinig ordentlike mense meer wees wat hulle in die politieke modderstroom teen opponente binne en buite hul eie party sal waag, **want as die verkiesingsmetodes om die huidige status en £700 te bekom, reeds dikwels tot ongelooflike peil daal,** waar sal ons beland as die prys £1,600 is?"

# CHURCHILL STAAF DUITSE AANSPRAAK

## Geallieerde Skeepsverliese

In sy jongste toespraak het Churchill verklaar dat die Brits-Amerikaanse handelsvloot tans 1,250,000 ton groter is as ses maande gelede. Dit is opvallend dat die Britse Eerste Minister nie die syfers vir die hele jaar gegee het nie, **en dit sterk die vermoede dat die verliese van die eerste ses maande van 1942 soveel groter as die skeepsaanbou moes gewees het, dat dit die aanbou van die jaar oortref.**

Uit syfers wat in Amerika van tyd tot tyd openbaar gemaak word, blyk dat Amerika **alleen** meer as 6 miljoen ton skepe die laaste helfte van 1942 gebou het. Afgesien dus van die skeepsaanbou in Engeland self en sy dominiums, moes van die Geallieerdes 4,750,000 ton skepe in die ses maande verlore gegaan het om slegs 'n aanwins van 1,250,000 te toon, soos Churchill geopenbaar het. **'n Tonnemaat gelykstaande aan die Britse en Kanadese skeepsaanbou vir die ses maande, moes dus boonop ook verlore gegaan het,** sodat met veiligheid aangeneem kan word dat die Geallieerdes **ten minste** 5 miljoen ton aan skepe in die halfjaar verloor het, d.w.s. minstens 10,000,000 ton vir die jaar.

Dit is opvallend dat die Duitsers se rekord wat in November opgestel is 1,026,000 ton volgens hul aanspraak beloop het, sodat hul gemiddelde kelderingsaanspraak op minder as 'n miljoen ton per maand te staan moet kom, en Churchill se erkenning dus met hul aansprake klop, indien nie dit nog ver oortref nie.

# DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

TRANSVAAL TOT 20 FEB.

| | | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|---|
| Reeds erken | | 14,207 | 16 | 1 |
| Kwit. No.: | | | | |
| 2174 | Paradekolleksie Generaalskap 5 | 8 | 10 | 0 |
| 2175 | 2B4 | 2 | 16 | 0 |
| 2176 | 4C6 | 2 | 2 | 0 |
| 2177 | 13A1 | 3 | 12 | 0 |
| 2179 | Bydraes | 1 | 0 | 0 |
| 2180 | 11C5 | 1 | 3 | 9 |
| 2181 | Bydraes | 1 | 8 | 7 |
| 2182 | Bydrae | | 8 | 8 |
| 2183 | Bydrae | | 3 | 0 |
| 2184 | 3A2 | 2 | 4 | 6 |
| 2185 | 1B1 | 1 | 0 | 0 |
| 2185 | 1B3 | 2 | 0 | 0 |
| 2185 | 1B4 | 6 | 5 | 0 |
| 2185 | 1B6 | 4 | 19 | 6 |
| 2186 | Bydrae | | 15 | 0 |
| 2187 | 3C2 | 34 | 12 | 6 |
| 2188 | 10C4 | 6 | 6 | 3 |
| 2189 | 10C5 | 6 | 6 | 3 |
| 2190 | 9A6 | 2 | 10 | 0 |
| 2191 | 7C1 | 39 | 7 | 9 |
| 2192 | 11B1 | 13 | 8 | 0 |
| 2193 | 7B2 en 7B5 | 14 | 6 | 3 |
| 2194 | E3 | 4 | 2 | 6 |
| 2195 | 8A1 | 14 | 10 | 6 |
| 2196 | 9A1 | 21 | 17 | 6 |
| 2197 | 4A1 | 12 | 0 | 0 |
| 2197 | 4A2 | 5 | 0 | 0 |
| 2197 | 4A3 | 8 | 5 | 0 |
| 2197 | 4A4 | 52 | 9 | 7 |
| 2197 | 4A5 | 1 | 8 | 0 |
| 2197 | 4A6 | 4 | 17 | 6 |
| 2197 | 4B2 | 20 | 6 | 0 |
| 2197 | 4B3 | 30 | 15 | 0 |
| 2197 | 4B4 | 25 | 14 | 0 |
| 2197 | 4C3 | 7 | 13 | 0 |
| 2198 | 10A4 | 3 | 14 | 9 |
| 2199 | 8C5 | 13 | 7 | 6 |
| 2200 | 1B4 | 5 | 16 | 6 |
| 2200 | 1B1 | 8 | 0 | 0 |
| 2201 | Bydrae | | 11 | 3 |
| 2202 | 13A1 | 3 | 4 | 6 |
| 2203 | 5A1 | 6 | 9 | 9 |
| 2203 | 5A2 | 10 | 1 | 9 |
| 2203 | 5A3 | 16 | 13 | 0 |
| 2203 | 5A4 | 6 | 9 | 6 |
| 2203 | 5A5 | 5 | 3 | 3 |
| 2203 | 5A6 | 10 | 6 | 3 |
| 2203 | 5B1 | 17 | 4 | 0 |
| 2203 | 5B2 | 5 | 3 | 0 |
| 2203 | 5B3 | 92 | 9 | 11 |
| 2203 | 5B4 | 4 | 4 | 0 |
| 2203 | 5B5 | 4 | 4 | 6 |
| 2203 | 5C1 | 29 | 14 | 6 |
| 2203 | 5C2 | 33 | 13 | 8 |
| 2203 | 5C3 | 25 | 0 | 0 |
| 2203 | 5C4 | 5 | 13 | 6 |
| 2203 | 5C5 | 5 | 15 | 6 |
| 2203 | 5C6 | 25 | 0 | 0 |
| 2204 | 14A2 | 10 | 0 | 0 |
| 2206 | 7A1 | 12 | 17 | 2 |
| 2207 | 7A4 | 12 | 17 | 2 |
| 2208 | 3C6 | 1 | 10 | 0 |
| 2209 | 9C6 | 2 | 2 | 6 |
| 2210 | 8B2 | 9 | 14 | 0 |
| 2211 | 8B6 | 1 | 14 | 0 |
| 2212 | 9B4 | 16 | 6 | 6 |
| 2214 | 14C4 | 18 | 5 | 0 |
| 2214 | 14C1 | 18 | 5 | 0 |
| | Totaal | £15,013 | 11 | 7 |

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

S. J. KRYNAUW

Algemene Handelaar en Produkte Koper.

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste Pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

H/v NUWE- en GARCIASTRAAT

Foon 68 — — Posbus 54

BEAUFORT-WES

# Geklassifiseerde Advertensies

## GEBOORTE

**BREDEKAMP.** — Aan Veldkt. en mev. A. Bredekamp, Rawsonweg 4, Observatory, 'n fris Brandwag-dogter op die 20ste Februarie, in die Booth Memorial. Albei wel. Dank aan dokter, suster en verpleegsters.

**HANEKOM.** — Aan Veldkornet en mev. Hendrik Hanekom, 'n jong Penkoppie op 13 Februarie. Naas die Goeie Gewer ons hartlike dank aan dokter en verpleegster.

**BROODRYK.** — Sag ontslape in sy Heer, ons enigste geliefde seun, Johannes Christoffel, oud 17 jaar 8 maande, op 22 Februarie te Parow. Sy treurende ouers C. en M. Broodryk en suster Johanna.

**HARRIS.** — Aan Adjudante en mnr. S. Harris, Tiervlei, 'n fris penkop-seun, in die Booth-Gedenk-Hospitaal, op 24 Februarie. Albei wel deur die genade van ons Heer.

## VERLOWING

**GELDENHUYS — VAN WYK:** Die verlowing word bekendgemaak van mej. Hannetjie van Wyk, Groenpunt, Ventersburg, met mnr. Bux Geldenhuys, Doornspruit, Kroonstad.

## DOODBERIG

**BEUKES.** — Hartverskeurend was Vrydagmôre, 19de Februarie 1943, toe ek moes afskeid neem van my enigste broer Coenraad.

Rus sag liewe Broer,
Ek gun jou die rus,
Eerlang ontmoet ek jou
Aan die Salige-Kus.

Jou bedroefde broer, **Thys.** Riviersonderend.

## DANKBETUIGING

Ons innige dank aan die Manne- en Vroue-Kommando Parow, mev. Fahrenfort in besonder en al die familie, vriende(inne) vir hulle deelneming by blyke van kranse, telegramme ens. Die treurende ouers en dogter C en M. Broodryk.

## TE HUUR

**KAMER.** — Gemeubileerde kamer vir manspersoon. Doen aansoek: **Newportstraat 12, uit** Kloofnekweg, **Kaapstad.** Foon 2-5749 tussen 9 v.m. en 5 n.m.

## KAFEE

VIR smaaklike etes, flinke bediening en netheid, besoek **D. F. du Toit se Kafee, Soutrivier-Mark.**

## AFRIKANERS AANDAG ! ! !

GROOT **O.B.-FUNKSIE** in die **KLOOF, HEIDELBERG, Tvl.** op **SATERDAG, 6 Maart,** om 2-uur n.m. Vleisbraai, Skyfskiet, sport en toesprake deur ons **Leiers.** Kom en geniet.

## BETREKKING VAKANT

EERSTEKLAS jong Kabinet-maker benodig op platteland. Doen skriftelik aansoek met opgaaf van ouderdom, kwalifikasies, salaris verlang aan: **A.B.C., Posbus 1411, Kaapstad.**

## DRINGEND BENODIG

DAME tussen 18 en 30 jaar om behulpsaam te wees met die huishouding op 'n plaas, 15 myl van Nelspruit en 1½ myl van Schagen-stasie. Moet lid van die Ned. Hervormde of Geref. Kerk wees. Rig applikasies en skrywe i.v.m. verdere besonderhede aan: **Mev. D. P. van Niekerk, P.K. Schagen.**

## DRINGEND BENODIG

GEKWALIFISEERDE SKOENMAKER vir herstelwerk. Rig applikasies aan: **H. Schanstra, Stockenstroomstr., Worcester.**

## BENODIG

LEERLING Haarkapper met 2½ of 3 jaar ondervinding. Moet jongman wees. Doen aansoek: **Young se Haarsny-Salon, St. Janstraat, Oudtshoorn.**

## SOUT TE KOOP

BRANDWAGTE om 'n eerlike bestaan te maak, vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A.I. £2-19-2; No. 1 £2-14-2; No. 2 £2-9-2 per ton, gelaai Soutpan. **Martie Venter, P/s. Arbeidsloon, Bloemfontein.**

## TE KOOP GEVRA

**DAMESFIETS.** — Skryf C/R., Posbus 1411, Kaapstad.

## TE KOOP

**AARTAPPELMOERE.** — Arran Banner en King George — A. Gesertifiseerd 25/-. Kathdin B. 22/6. Kontant met bestelling—10% afslag vir meer dan 50 sak. Vir Mei en Junie planting. **J. P. Möller, Inkruip, Bus 54, Ceres.**

**TAFELAARTAPPELS.** — Goeie kwaliteit teen 11/6 per sak. Arran Chief moere, eiergrootte, reg om te plant teen 9/6 per sak en okkerneutgrootte teen 7/6 per sak — K.M.B. of K.B.A. — gelewer Groot Brakrivier-stasie. **Wilcocks Terblanche, Groot Sorgfontein, Groot Brakrivier.**

**SAADHAWER.** — 60 sakke Regering-gegradeerde Algierse Saadhawer teen 18/6 per sak van 150 pond. **G. M. Hattingh, Lusthof, Tarkastad.**

## TE KOOP

**DRUIWE UIT HEKSVALLEI:** Koop direk van die boer. Terme:— 2/9 per 10lb. platkissie; Bestellings van 5 of meer 2/3 elk. Vry op spoor Sandhills-stasie; Kontant met bestelling. **T. J. de Villiers, P.K. Sandhills-stasie, K.P.**

**TAFEL-AARTAPPELS** van goeie gehalte teen 12/6 per sak. **S. P. Gerber, P.S. Serpentine, Dist. George.**

**SAAD-AARTAPPELS.** — Mooi Arran Chief, okkerneut- en eiergroot moere te koop teen 13/-, Kontant met bestelling. Op Kleinbrak-stasie gelewer. **Thinus Terblanche, Dagbreek, Gonnakraal.**

**O.B. HOU KOERS!!!**

**KAROO BOK-KRAALMIS.** Vry gelewer na Middellandse distrikte, O.V.S. en Natal stasies. 32/6 per ton van 12 sakke. K.M.B. 37/6 per ton van 12 nuwe sakke. K.M.B. Bestel vroegtydig en wees verseker van aflewering. Onmiddellike aandag word geskenk. Ref. Volkskas, Port Elizabeth. **J. A. Schoeman, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

**STERK,** gewortelde Angelier plantjies: Regina, Rex, Pioneer, Corona, Salmon Regina, Idaho Beauty 3/6 dosyn, 10/- 100. Lorraine 21/- dosyn; Rooi Regina 21/- dosyn; Dairy Maid 5/- dosyn; 25/- 100. K.M.B. Posvry Unie. Bogemelde soorte het groot dubbel blomme met lang stengels. **Thos. Dunn, Posbus 51, Tzaneen.**

**AARTAPPELMOERE.** — Arran Chief en Evergood aartappelmoere, gereed vir plant. Gelewer op Blanco-stasie. Kontant met bestelling. **J. J. C. Lamprecht, Tuinplaas, P.K. Blanco, George.**

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

## KORRESPONDENSIEKURSUS

**AFRIKANERS LUISTER HIER!** — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukursusse. Laasgenoemde kursusse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van: **Unie-Boekhoukollege, Posbus 32, Alexandria.**

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u behoeftes. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*Hou Koers Na*

Pro Ecclesia-Drukkery,

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders

*Die Laan, Stellenbosch.*

## JEUG-OFFERS

Van Alida Barnard, Voetpad, pos Groot-Brakrivier, het ons 11/- ontvang vir die Noodhulpfonds, synde geld wat sy ingesamel het deur lekkers en konfyt te maak en te verkoop.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.